

WIE IN CHRISTUS GLO

Johannes 11:25[ix]

*Ek is die opstanding en die lewe.
Wie in My glo, sal lewe, al sterwe
hy ook; en elkeen wat lewe en in
My glo, sal in alle ewigheid nooit
sterwe nie.*

Die vraag is akuut: **W**ie is dit wat die lewe sal ontvang al het hy ook gesterwe? In wie se lewe gaan die paaswonder 'n werklikheid word? Jesus sê net: **W**ie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook". Die **w**ie word nader gekwalifiseer deur "... in My glo..." Wie in My glo is dus die gelowiges. Die antwoord kan verder gekwalifiseer word dat die gelowiges die uitverkore kinders van die Vader is. God se uitverkore kinders moet by Jesus kom om gered te word en die nuwe lewe te ontvang. God die Heilige Gees werk die geloof in die harte van die uitverkorenes deur die prediking (Rom. 10:13-17). Elke kind van God word deur die geloof by Jesus Christus ingelyf (Gal. 2:16; Ef. 2:8-9; Fil. 3:9; Mark. 16:16; Joh. 3:16, 18, 36). Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook. Die uitverkorenes wat in Jesus Christus glo sal moet erns maak met hulle eie dood. Glo is om op alles wat jou lewe raak te skryf: **dood**. In en deur Jesus Christus, God se enigste Seun, word die dood in jou oorwin deur die lewe, omdat God dit vir jou bestem het. Deur die geloof kan jy, die uitverkore kind van die Vader, jouself die nuwe lewe toe-eien.

JY EN DIE ANDER MENS IN
JOU LEWE – Genesis 2:20-25

As enkeling is jy 'n volledige mens, en tog ook nie. Toe Adam God se opdrag om die name vir al die diere te gee uitgevoer kom hy agter: "maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke gekry nie" (Gen. 2:20). Vir die diere was daar elkeen 'n maat, maar vir die mens nie. Die mens is nie bestem om 'n enkeling te wees nie. God het toe die vrou geskep sodat sy en Adam van mekaar *medemense* kan wees. *Medemenslikheid* is ingeweef in die skepingsgebeure. Die sonde het diep skeure geslaan in medemenslikheid. Medemenslikheid dra in hom die smet van die sonde, maar dit hef medemenslikheid nie op nie. Dit word gehandhaaf deur God. Mense kan nie in absolute isolasie bestaan nie. Skepper en mens asook mens en medemens hoort bymekaar. Die kruis Golgota wys op twee dimensies: 'n **Vertikale dimensie** as verhouding teenoor God en 'n **horisontale dimensie** as verhouding tot die medemens. God wil hê dat die mens na **Bo** moet kyk om die doel van sy bestaan te begryp. Die mens moet ook **horisontaal** na sy medemense kyk om te besef hoe hy die doel van sy lewe moet toepas. Geloof is nie net die middel waardeur jy by Christus ingelyf word nie. Deur die geloofsvrugte, goeie werke, word jy deel van jou medemense deur aan hulle goed te doen.

Dr. Nico van der Merwe



SIMBAAL

"Prys Hom met galmende simbale"

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 21 November 2010

Nommer 32

DIE GEES VAN DIE TYD

Dit kan nie anders nie, dat gelowiges hulle bekommer oor die gees van ons tyd.

- ⊕ Die geld- en dobbel-gees.
- ⊕ Die boikot- en staking-gees.
- ⊕ Die roof- en doodmaak-gees.
- ⊕ Die geweld- en kaping-gees.
- ⊕ Die geknoei- en korrupsie-gees.
- ⊕ Die onversoenlikheid- en wraak-gees.

Juis aan hierdie donker en deurmekaar wêreld moet die kerk die lig van versoening en die boodskap van redding verkondig. Die kerk moet met die ongehoorde boodskap van God se liefde en genade by die deure en die harte van die mense op aarde aanklop.

Die wêreld moet hoor van Golgota. Die mense moet hoor dat God Homself met ons versoen het. Die mense moet hoor van die verlossing van sondes.

Die wêreld moet gewys word op Golgota, dat die kruis tegelyk die *bankrotverklaring* en die *redding* van die wêreld is. God het gesien dat die mense hulle nie met Hom kan versoen nie, daarom het God Homself met die mens versoen. Dit is nie 'n boodskap waarin die wêreld-gesinde mens belangstel nie. Daar is te min sensasie in. Dit bevat te min swier en tierlantyntjies. Daar is dan geen pryse om te verower of 'n motor om te wen nie. Die kerkbyeenkomste is te saai, die aanbidding te droog, die inhoud te vaal en outyds.

Dit is die klag van die gees van die tyd teen die kerk.

Hoe nou gemaak as die lidmate van die kerk lewe sonder entoemasie ... sonder ywer vir die saak van die Here. As ons as gelowiges by die mense gevul met die gees van die tyd aankom en ons is sonder geloofsfut en geloofskrag hoe gaan jy mense, wat stokflou gespook is om kop bo water te hou in 'n wêreld waarin die prestasie-god die septer swaai, met entoemasie vul vir die saak van God se koninkryk? Net op een manier, deur so gevul te wees met die krag van God se Gees dat die waarheid uit jou borrel!

Dr. Nico van der Merwe



PREKE VANDAG



Oggendiens: Ts. Brahm Robinson

TEMA: God skenk aan my die kennis dat Christus my verlos het, waarvan ek verseker word deur die uitlewing van my geloof.

Skriflesing: 2 Petrus 1:1-11

God gee aan jou die kennis dat Christus jou verlos het. Hy gee aan ons alles wat tot die lewe en 'n persoonlike verhouding met Hom lei. Ons elkeen ken God persoonlik. Hy gee aan ons die Heilige Gees sodat ons kan deelkry aan die goddelike natuur. Die wortel van jou geloof is in God geanker, maar jy moet alles in die stryd werp om daarin te groei. Petrus noem sewe bane waarin ons moet beweeg om in ons geloof te groei – deugsamheid, kennis, selfbeheersing, volharding, godsvrug, liefde vir jou naaste en dan ook liefde aan alle mense. Wanneer jy hierdie deugde uiteleef, leef jy in die sekerheid van jou verlossing en groei jy in geloof.



Aanddiens: Ds. Jan-Carel Erasmus

Skriflesing: 1 Samuel 13



LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 21 November 2010

Oggendiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 47:1, 3, 4	Bl. 240	Psalm 9:1, 7	Bl. 36
2.	Psalm 139:1, 3, 12	Bl. 674	Psalm 97:7	Bl. 485
3.	Psalm 119:26, 37	Bl. 591	Psalm 119: 19 & 63	Bl. 591
4.	Skrifberyming 14-1:1, 2, 3			



DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 5

Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls handel in geheel oor die VOLHARDING VAN DIE HEILIGES.

Artikel 6 : GOD SORG DAT DIE GELOWIGES NIE UIT DIE GENADE UITVAL NIE

God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sondeval nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie.

[Ps. 51:13, Matt. 12:31, Joh. 13:1, Rom. 5:1]



Artikel 7 : GOD BEWAAR DIE ONVERDERFLIKE SAAD VAN DIE WEDERGEBOORTE

Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Ten tweede vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het, van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God, wat nou met hulle versoen is, aanbid hulle sy ontferming en trou om om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk.¹

[1 Pet 1:23, 2 Kor 7:10, Heb 9:14-15, Ps 51:19, Rom 5:10, 2 Kor 5:19]²

¹ Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 24

² Heidelbergse Kategismus, Antwoorde 8, 88, 89, 90



OUERS AANDAG ASSEBLIEF!!!

STUUR ASSEBLIEF GEGEWENS VAN KINDERS SE PRESTASIES

(Hierdie week is dit die laaste geleentheid om gegewens
rakende die kinders se prestasies in te stuur)

Die verskillende skole het van nou af een na die ander hulle prysuitdelings-funksies vir 2010 en die verkiesing van Leerlingrade en Prefekterade vir 2011 vind ook plaas. Omdat die gemeente saam met die ouers trots is op en dankbaar is vir ons mooi verbondskinders se prestasies in hulle skooljare wil ons graag elke verbondskind se prestasie in Simbaal publiseer sodat die gemeentede in die vreugde kan deel en ook 'n gelukwensing kan gee aan wie dit toekom.

Sal pa's en ma's, oupas en oumas, vriende en maats asseblief laat weet van die kinders se prestasies wat tydens die toekenningsaande oorhandig is of met die verkiesing van 'n Leerlingraad. Skakel dr. Nico van der Merwe met berigte (☎ 018-468-1782) of sr. Martie Venter (☎ 018-468-6790).

U kan ook die volgende e-pos adres gebruik:
nico.vandermmerwe@telkomsa.net

KERKARGIEF

Indien enige lidmaat foto's, inligtingstukke, notules, ens. oor die afgelope 30 jaar van die bestaan van ons gemeente het, en dit vir bewaring in die Kerkargief in Potchefstroom kan skenk, moet u asb. met die skriba, **oudl. At Kruger**, skakel. Sy kontakbesonderhede is 018-468-3976, 083-400-3289 of atkruger@webmail.co.za. U kan inligting ook aan die kerk-adres: Posbus 6461, Flamwood 2572 stuur. Merk dit asb. vir aandag: At Kruger. Foto's en ander gedenkwaardighede in elektroniese formaat is ook welkom.

LIEF EN LEED



LAAT ONS WEET ASSEBLIEF!

'n Vriendelike versoek: stuur asseblief alle berigte oor lief en leed vir Simbaal deur na **Martie Venter**, nie later nie as Woensdag van elke week, sodat ons met mekaar kan meeleeft! Werk soggens: 018 468 5022

Sel: 073 826 3526

Huis: 018 468 6790

e-pos: eisi@vodamail.co.za

martiehv@gds.co.za

Dringende Versoek!

Dries en Monica Grobler van Kielblockstraat 74, La Hoff, is DRINGEND op soek na **Engelse skoolhandboeke, veral Wiskunde**. Dries werk in **Liberië** en hulle wil graag daar 'n **mediasentrum** op die been bring. Dries vertrek weer op 27 November terug na Liberië en sal graag enige boeke saam wil terugneem, aangesien daar 'n groot behoefte bestaan. Enige ander Engelse boeke is ook welkom. Skakel gerus vir **Monica** by **082 532 2162** om te reël vir die afhaal van die boeke.

Die Christelike Geloof is 'n geloof van **blydskap**. Want dit is 'n geloof van verlossing. Maar nou spreek die Bybel ook van **oordeel** en so dikwels kry ons gelowige mense wat net aan die oordele dink as hulle aan die kerk en die Bybel dink. So word die Bybel 'n bron van vrees in plaas van troos. In Matteus 13:47 word gesê die koninkryk van die hemel is soos wanneer vissers hulle nette optrek. Die goeies word gehou en die slegtes weggegooi. "Só sal dit by die voleinding van die wêreld wees," sê vers 49. Die slegte mense sal in die vuuroond gegooi word. Ons lees dit – en vrees. Waarom? Waarom is ons nie liever bly oor die goeie visse wat in bakke bymekaargemaak word nie? Omdat jy voel jy is nie 'n goeie mens nie? Reg genoeg. Maar ons soek tog ons heil by die Here se woord? En dieselfde Jesus wat die gelykenis vertel het, het later die volle prys vir ons sondes betaal. Dit gaan nie daarom of ons goed is nie, maar of ons **gelowig** is. Die ongelowige, slegte mense dink nie eers aan die Here se woord en aan hulle skuld nie. Tel jou kop op en kyk die lewe in die oë. Jesus het klaar betaal.

SUSTERS

Sameroepster vir November 2010: Ansie van Vuuren
 Koekies / Lekkernye vir Kinderhuis:
 November 2010: Wyke 10 en 24

**SUSTERSAAMTREK – SATERDAG, 12 MAART 2011**

Teken die datum aan!!

Die saamtrek word deur die susters van Wolmaransstad aangebied. Tema: “Vrou – eer God in hierdie era van verwarrende waardes”. Spreker: Ds. Leo van Schaik van Potchefstroom. Meer inligting sal in Januarie/Februarie 2011 beskikbaar wees

Uit die Woord

God gaan op na sy tempel toe onder gejubel, die
 Here gaan op terwyl die ramshorings blaas.

Psalm 47:8

Wyse Woorde

Musiek is die taal van engele.

Thomas Carlyle

**GEREFORMEERDE KERK CACHET
EERSTEJAARSKAMP TE NOOITGEDACHT**

10 TOT 14 JANUARIE 2011

Die Gereformeerde Kerk Cachet se jaarlikse eerstejaarskamp vind plaas vanaf 10 tot 14 Januarie 2011 te Nooitgedacht. Alle voornemende eerstejaars aan die Noordwes-Universiteit kan wymiedup@gksa.co.za kontak vir verdere besonderhede.

**DIE GEREFORMEERDE KERK KLERKSDORP EN
KLERKSDORP-NOORD**

Gesamentlike en afsonderlike dienste November 2010 tot Januarie 2011

Datum	Tyd	Kerkraad en Orreliste	Predikante
21 November 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Ts. Brahm Robinson Ds. Jan-Carel Erasmus
28 November 2010	09:30 18:00 19:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord Gemeentesentrum Kdp	Dr. Nico van der Merwe Dr. Jan Lion-Cachet Kerssangaand

Vanaf 5 Desember 2010 tot 2 Januarie 2011 is gesamentlike dienste van Klerksdorp en Klerksdorp-Noord in Klerksdorp se Sentrum.

5 Desember 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Ds. Jan-Carel Erasmus
12 Desember 2010	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	----- Prof. dr. George Lotter
19 Desember 2010	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	----- Dr. Nico van der Merwe
25 Desember 2010	08:00	Klerksdorp	Ds. Jan-Carel Erasmus
26 Desember 2010	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	----- Ts. Joh. du Bruyn
02 Januarie 2011	09:30 18:00	Klerksdorp Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Dr. Nico van der Merwe
09 Januarie 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Prof. dr. George Lotter Ds. Jan-Carel Erasmus
16 Januarie 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Dr. Nico van der Merwe
23 Januarie 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Ds. Jan-Carel Erasmus
30 Januarie 2010	09:30 18:00	Klerksdorp-Noord Klerksdorp-Noord	Dr. Nico van der Merwe Dr. Jan-Lion Cachet

- Al die gesamentlike dienste om **09:30** asook die diens op Kersdag (25 Desember 2010 om **08:00**) vind plaas in die **Gemeentesentrum van Klerksdorp**.
- 1. Gesamentlike dienste**
- Die **oggenddienste** is gesamentlik.
- Klerksdorp-Noordgemeente se **aanddienste** vind soos normaalweg om **18:00** in **kerkgebou van Klerksdorp-Noord** plaas.
- 2. Kerssanggeleentheid** Op 28 November 2010 reël Klerksdorp die Kerssanggeleentheid om **19:00**.

OORDREWE FYNGEVOELIGHEID

Daar is mense wat so liggeraak is dat as jy net met jou pinkie aan hulle raak blaas hulle hulleself op soos 'n brulpadda en wil jou iets aandoen.

- Dit is dié mense wat 'n lewensvelletjie van melk het en daarom so maklik verwond raak.
- Dit is dié mense van wie die nerfies so dun is dat 'n skewe woordjie wonde slaan wat vir hulle voel asof hulle naby die dood kom.
- Dit is dié mense wat met “buurtwag-oë en -ore” dophou en luister wat ander aan hulle doen of vir of van hulle sê, sodat hulle die kwetsende wonde met woede en vergelding kan wreek.

Ek is seker jy ken tussen jou vriende sulke mense. Jy is eintlik te bang om met hulle te skerts en te lag want jy moet jou woorde altyd keurig en afgemete kies of anders tas jy hulle sensitiewe karakter en breekbare persoonlikheid so maklik aan, dat hulle woedend vir jou is en dit vir 'n lang tyd teen jou hou. By dit alles moet ons erken dat om fyngevoelig of fynbesnaar te wees ook 'n baie mooi deug kan wees. Dit is om 'n fyn gevoel te besit oor dinge van die lewe. 'n Keurige, verfynde, gawe en gevoel wat in balans gebruik kan word. Dit is 'n baie mooi deug om 'n fyn aanvoeling vir dinge in die lewe te kan hê. Die teenoorgestelde van 'n fyngevoelige mens is 'n bot, buffelagtige, dikvellige, hardekop mens. Dit is iemand wat afgestomp en pynlik ongevoelig is vir die mooi dinge van die lewe en die ragfyn weelde van tussenmenslike verhoudinge. Waar fyngevoeligheid 'n deug is lê die gevaar in oordrewe fyngevoeligheid. 'n Mens met oordrewe fyngevoeligheid is besig om homself te verafgod en die lewe vir ander mense baie onaangenaam te maak. Om saam met só 'n mens op 'n skooltoer te moet gaan kan 'n nagmerrie word.

In 'n oordrewe fyngevoelige mens broei die kieme van *agterdog* teenoor medemense. Dit is om slegte motiewe in die woorde en dade van ander te soek, waar dit nie is nie. Oordrewe fyngevoeligheid is die sonde van selfoorskating en verwaandheid. Dit bring jou tot kwade denke, en selfgesentreerdheid. Jy lewe asof jy die middelpunt van alle belangstelling is en enige negatiewe dinge wat jy opvang betrek jy op jouself en dit bring 'n voortdurende gevoel dat jy deur ander mense ingedoen word of min geag word. Jy moet leer om uit die middelpunt van belange uit te klim en jouself in perspektief te sien. Die geneesmiddel teen oordrewe fyngevoeligheid is 1 Korintiërs 13 – God vra van jou liefde teenoor almal.

Dr. Nico van der Merwe

CHRISTUS OORWIN DIE BOSEMatteus 8:31

Twee mense wat deur bese geeste beset is, wat 'n speelbal, 'n willose prooi geword het van die Bose, kom by Jesus. Satan werk in die donker onder 'n dekmantel. Maar hier is hy en sy werke ontmasker, oop en bloot deur Jesus in die lig blootgestel. Teen Jesus kan hulle geen weerstand bied nie want Jesus is ook God en almagtig. As die Bose jou beetpak is die enigste kans op verlossing by Jesus alleen te vind. ① Sien die werking van die Satan in jou lewe raak en bely eerlik watter verwoestende invloed dit het. ② Glo in Jesus Christus wat getoon het dat Hy die Satan kan oorwin. Nie net deur die bese geeste uit mense te dryf nie maar ook aan die kruis. ③ Bid inniglik om bevryding. ④ Strewe dan na die goeie wat uit God se Woord aan jou bedien word. Dit is nêr deur die goeie te doen wat jy instaat sal wees om die kwaad te oorwin [Rom 12:21]. Jy moet die positiewe inspan om die negatiewe te oorwin.

'N NUTTIGE GETUIE VIR CHRISTUSMarkus 5:18

Markus 5:17 & 18 is 'n skerp kontras.

- Die Geraseners dring daarop aan dat Jesus van hulle af moet weggaan [vs 17].
- Die man wat deur Jesus van sy duiwelbesetenheid verlos is dring weer daarop aan om by Jesus te bly [vs 18].

Die Geraseners verwerp Jesus omdat sy bevryding van die besete man vir hulle finansiële verlies beteken het toe hulle hele varktrop in die see versuip het [vs 13]. Jesus gaan weg soos hulle vra ... tot hulle skade. Hy wil nie mense teen hulle wil beset soos Satan nie. Die man wat Jesus genees het kan ook nie saam met Hom gaan nie maar moet tuisbly as getuie. Hierdie man is die bewys van Jesus Christus se verlossingskrag uit die greep van Satan. Jesus het na die aarde gekom om die sondeskuld van God se kinders te betaal en hulle van die Satan te verlos. Alleen in Christus kan hierdie oorwinning oor die kwaad bereik word. Christus is sterker as die Bose.

KOLLEKTES		
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
21 November	Barmhartigheid	Teologiese Studente
28 November	Barmhartigheid	Emeritaatsfonds
		
GEMEENTEPROGRAM		
Sondag 21 November tot Saterdag 27 November 2010		
Sondag 21 November	Oggenddiens	09:30
Sondag 21 November	Aanddiens	18:00
Maandag 22 November	Beroepingskommissie	18:00
Donderdag 25 November	Kerkraadsvergadering	18:00
Donderdag 25 November	Vergadering Ouderl.	19:00
		
TEESKINKBEURTE		
Sondag 21 November 2010	Geen teeskink	
Sondag 28 November 2010	Geen teeskink	
		
VERJAARDAE		
22 November	Gerty Pelser	
25 November	Hettie Cunningham	
25 November	Allesandro Cassalegio	
25 November	Marietjie Roodt	
26 November	Bets de Lang	
27 November	Johan Viljoen (Jr)	
27 November	Eddie Kruger	
Gods rykste seën word julle toegewens en voorspoed vir die nuwe lewensjaar.		



- ❖ Die ware Christen het baie om na uit te sien, niks om teen op te sien en niemand om op neer te sien nie.
- ❖ Hou jou oordeel vry van vooroordeel en gun jou naaste die voordeel van God se regverdige oordeel.

LIEF EN LEED



- Ons innige meegevoel word betuig met **br. Abrie en sr. Bonnie Lotter**, wat 'n ongebore kleinkind van hulle dogter Francisca verloor het. Hulle het baie uitgesien na die kleinding. Mag die Here u almal ryklik vertrous in hierdie moeilike tyd.
- **Oom Tienie en tannie Lidie Botha** se seun (ook Janneman se broer), Danie, se vrou is ernstig siek aan kanker. Ons bid haar 'n spoedige herstel toe.



BEROEPING VAN PREDIKANT NOVEMBER & DESEMBER 2010

Die gemeente moet asseblief kennis neem van die volgende sake in verband met die beroeping van 'n predikant:

1. **AFKONDIGING VIR NUWE NAME** – Sondae 7, 14 & 21 November 2010 het die gemeente die geleentheid om name van predikante op te gee om oorweeg te word vir 'n beroep.
2. **VERGADERING BEROEPINGSKOMMISSIE: SIFTING VAN NAME VIR TWEETAL** – Maandag 22 November 2010 om 18:30 vergader die beroepingskommissie in die konsistorie word die voorgestelde name van die gemeente bespreek en oorweeg met die oog op 'n tweetal vir die beroeping self.
3. **BREË KERKRAADSVERGADERING – VERKIESING VAN 'N TWEETAL** – op Donderdag 25 November 2010 om 18:00 vergader die breë Kerkraad om 'n tweetal te verkies wat aan die gemeente voorgelê sal word as keuse om te beroep.
4. **OUERLINGE SE RAPPORTERINGSVERGADERING** is op Donderdag 25 November 2010 direk na die breë Kerkraadsvergadering wat om 18:00 byeenkom.
5. **NAGMAAL** – Sondag 28 November 2010 vier die gemeente die sakrament van die heilige nagmaal tydens die erediens om 09:30.
6. **GEMEENTEVERGADERING VIR BEROEPING** is op **Sondag 5 Desember 2010** voor die oggenddiens om 09:30 tydens 'n gemeentevergadering sal 'n predikant op die ordelike wyse beroep word.

